



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION



**NASIONALE
SENIORSERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2023

AFRIKAANS HUISTAAL V3

PUNTE: 100

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:
AFDELING A: Opstel (50)
AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. deur 'n breinkaart/diagram/vloiediagram/kernwoorde te gebruik), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.
7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:
AFDELING A: ongeveer 100 minute
AFDELING B: ongeveer 80 (2 x 40) minute
8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.
10. Skryf netjies en leesbaar.


AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende onderwerpe/prente en skryf 'n OPSTEL van 400 tot 450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

- 1.1 **Skielik staan hy/sy voor my ...** [50]
- 1.2 Verdere studie – waardevol of nutteloos? [50]
- 1.3 *'n Vreemde verhaal.* [50]
- 1.4 “Ek voel my omsingel vandag. Fyngedruk soos 'n mot. Ek glo nie meer in dinge-sal-regkom nie.” [50]
- 1.5 Die wiel draai. [50]

Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6, 1.7 OF 1.8) en jou eie titel neer.

1.6



[Bron:www.bullying.co.za]

[50]

1.7



[Bron: [www.lock and key.com](http://www.lockandkey.com)] [50]

1.8



[Bron: tegnologie.pgn] [50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elk. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 E-POS

Verlede jaar se hoofseun/hoofdogter is genooi om as motiveringspreker op te tree tydens julle laaste skooldag voordat die eindeksamen begin.

Van	
Aan	
Onderwerp	
Boodskap:	

Gebruik bostaande formaat en stuur 'n E-POS aan die hoofseun/hoofdogter waarin jy hom/haar bedank vir die wyse waarop hy/sy julle gemotiveer het asook vir die waardevolle wenke wat julle ter voorbereiding van julle eindeksamen ontvang het. [25]

2.2 FORMELE BRIEF

Jy is besig met die voorbereiding vir jou rekordeksamen en jou studie-program word deur beurtkrag in die wiele gery.

Rig 'n KLAGTEBRIEF aan die uitvoerende hoof van ESKOM waarin jy jou dilemma verduidelik. [25]

2.3 HULDEBLYK

Een van jou familieledes is die afgelope naweek in 'n fratsongeluk oorlede.

Skryf 'n HULDEBLYK oor hierdie familielid wat tydens die gedenkdienste gelees gaan word. [25]

2.4 KOERANTBERIG

'n Tiener in julle omgewing het vermis geraak, maar is na twee dae weer gevind.

Skryf 'n KOERANTBERIG daarvoor vir die dorp se gemeenskapskoerant. [25]

2.5 FORMELE VERSLAG

Jy was die ooggetuie van 'n rooftog wat by 'n winkel in jou omgewing plaasgevind het.

Skryf 'n OOGGETUIEVERSLAG wat jy aan die polisie gaan oorhandig. **[25]**

2.6 FORMELE TOESPRAAK

Jy het aansoek gedoen vir 'n studiebeurs by 'n maatskappy in jou omgewing. Om vir hierdie beurs te kwalifiseer, moet jy 'n toespraak aan die direksie lewer waarin jy jouself bekendstel, hulle inlig wat jy beplan om te studeer en motiveer waarom jy verdien om hierdie beurs te ontvang.

Skryf die TOESPRAAK. **[25]**

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100